Munisipale Kantoorgebou, Halitestraat, Posbus 3, Carletonville, 2500.

15 April 1993.

(Kennisgewing No. 14/1993)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1466

TOWN COUNCIL OF CARLETONVILLE

AMENDMENT TO STANDARD MILK BY-LAWS

The Chief Executive/Town Clerk hereby publishes in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance No. 17 of 1939), as amended, the amendments to the Standard Milk By-laws promulgated under Administrator's Notice No. 1024 dated 11 August 1971 and adopted in terms of section 101 of the aforementioned Ordinance under Administrator's Notice No. 700 dated 17 May 1972, which amendments have been adopted by the Council in terms of section 96 of the aforementioned Ordinance. The said by-laws are hereby further amended as follows:

1. By the insertion of the following paragraphs in section 1 (3) under Part I:

"(iv) 'certified milk' means raw milk or raw cream with regard to the production and handling of which the medical officer of health has certified that the provisions of sections 21, 30 and 42 are being complied with; (iv)"; and

(v) 'certified milk product' and 'certified composite dairy product' means milk product or composite dairy product made from certified milk or certified cream; (v)".

2. By amending section 2 under Part II—

(a) by the insertion of the words "or certified" between the word "pasteurized" and "cream" in proviso (b) of subsection (2) (b);

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1466

STADSRAAD VAN CARLETONVILLE

WYSIGING VAN DIE STANDAARD MELKVERORDENINGE

Die Uitvoerende Hoof/Stadsklerk van Carletonville publiseer ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie No. 17 van 1939), soos gewysig, die wysiging van die Standaard Melkverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 1024 van 11 Augustus 1971 en aangeneem ingevolge die bepalings van artikel 101 van die vermelde Ordonnansie by Administrateurskennisgewing No. 700 van 17 Mei 1972, soos gewysig, word soos volg verder gewysig:

1. Deur in artikel 1 (3) na die woordomskrywing van "gepasteuriseerde melk" die volgende in te voeg:

"(iv) 'gesertifiseerde melk' beteken rou melk of rou room ten opsigte waarvan die Stadsgeneesheer gesertifiseer het dat daar, wat betref die produksie en hantering daarvan, aan die bepalings van artikel 21, 30 en 42 voldoen word; (iv)"; en

(v) 'gesertifiseerde melkproduk' en 'gesertifiseerde saamgestelde suiwelproduk' beteken 'n melkproduk of saamgestelde suiwelproduk wat van gesertifiseerde melk of gesertifiseerde room vervaardig is; (v)".

2. Deur artikel 2 onder Deel II te wysig—

(a) deur in voorbehoudsbepaling (b) van subartikel (2) (b) die woorde "of gesertifiseerde" tussen die woorde "gepasteuriseerde" en "room" in te voeg;

(b) by the insertion in subsection (8) of the words "other than certified milk" between the words "milk" and "to".

3. By amending section 17 under Part V—

(a) by the insertion of the following as subsection (5):

"(5) Without prejudice to the foregoing provisions of this section, any person who will be connected or whose employment on any premises will bring him into contact with the handling of certified milk shall, prior to becoming so connected or commencing such employment, obtain from an approved medical practitioner a certificate stating that he is medically fit for that purpose and shall thereafter submit himself to medical examination as provided in subsection (1) every twelve months.";

(b) by the insertion at the end of subsection (6) of the following expression:

"and in the case of a person mentioned in subsection (5) for a period exceeding seven days.";

(c) by the insertion in subsection (10) (a) of the words "certified milk," between the words "any" and "milk"; and

(d) by the deletion in subsection (10) (b) of the word "or" between the words "pasteurized" and "sterilized" and by the insertion of the words "or certified" between the words "sterilized" and "milk".

4. By amending Part VI—

(a) by the insertion in section 19 (3) (a) of the words "excluding certified milk" between the words "raw milk" and "which—"

(b) by the insertion of the following as section 21:

"Certified milk, milk products and composite dairy products

21. (1) No person shall sell or supply—

(a) certified milk or certified cream which—

(i) when subjected to the methylene-blue reduction test described in rule 3 of the Code decolourises methylene-blue in less than seven hours; or

(ii) gives a Lovibond disc reading of less than four when subjected to the three hour resazurin reduction test described in rule 4 of the Code; or

(iii) contains more than 50 000 bacteria per millilitre as determined by the Standard Agar Plate Count described in rule 9 of the Code; or

(b) certified milk or certified cream or a certified milk product or certified composite dairy product which—

(i) on application of the modified Eijkman test described in rule 5 of the Code is found to contain any *Escherichia coli* type 1 bacteria (faecal coli) in 1,0 millilitre of fluid or 1,0 gram of semi-solid product; or

(ii) on application of the test described in rule 10 of the Code is found to contain, in the case of certified milk or cream, more than 10 and, in the case of certified milk products, more than 100 coliform bacteria in 1,0 millilitre of fluid or 1,0 gram of semi-solid product.

(2) For the purpose of determining whether certified milk, certified milk products or certified composite dairy products comply with the requirements of subsection (1) the test set out in the Code shall be applied and shall be conclusive.".

5. By the insertion of the following as section 30 under Part VII:

"Health of dairy stock: Certified milk

30. (1) No introduction permit or licence shall be granted in respect of premises on which certified milk is or is to be produced unless all dairy stock kept on such premises has been examined by a registered veterinarian and the recognised tests prescribed for tuberculosis, brucellosis (bovine contagious abortion), mastitis and any other disease for which he deems it necessary to test in the circumstances, have been undertaken by him and no such permit or licence shall be given or, if given, shall remain valid unless all the requirements of this section and section 29 (5) to (9) inclusive have been and continue to be complied with.

(b) deur in subartikel (8) die uitdrukking "behalwe gesertifiseerde melk," tussen die woorde "melk" en "wat" in te voeg.

3. Deur artikel 17 onder Deel V te wysig—

(a) deur die volgende as subartikel (5) in te voeg:

"*(5) Behoudens die voorgaande bepalings van hierdie artikel* moet iemand wat te doen sal hê met die hantering van gesertifiseerde melk, of wie se werk op 'n perseel hom daarmee te doen sal laat kry, voordat hy aldus daarmee te doen kry of met sodanige werk begin, van 'n goedgekeurde geneesheer 'n sertifikaat verkry waarin daar verklaar word dat hy vir die doel geneeskundig geskik *is en moet hy hom daarna iedere 12 maande geneeskundig* laat ondersoek soos dit by subartikel (1) bepaal word.";

(b) deur in subartikel (6) die volgende sinsnede tussen die woorde "was" en "hom" in te voeg:

"en enigiemand na wie daar in subartikel (5) verwys word, moet, as hy weens siekte langer as sewe dae van sy werk afwesig was, ooreenkomstig die betrokke subartikel";

(c) deur in subartikel (10) (a) die woorde "gesertifiseerde melk" tussen die woorde "en waar daar" en "'n melkproduk" in te voeg; en

(d) deur in subartikel (10) (b) die woord "of" tussen die woorde "gepasteuriseerde" en "gesteriliseerde" deur 'n komma te vervang en deur die woorde "of gesertifiseerde" tussen die woorde "gesteriliseerde" en "melk" in te voeg.

4. Deur Deel VI te wysig—

(a) deur in artikel 19 (3) (a) die woorde "uitgesonderd gesertifiseerde melk" tussen die woorde "rou melk" en "verkoop" in te voeg;

(b) deur die volgende as artikel 21 in te voeg:

"Gesertifiseerde melk, melkprodukte en saamgestelde suiwelprodukte

21. (1) Niemand mag—

(a) *gesertifiseerde melk of gesertifiseerde room verkoop of* verskaf nie wat—

(i) metileenblou in minder as sewe uur ontkleur as dit aan die metileenblou-reduksietoets wat in reël 3 van die Kode beskryf word, onderwerp word; of

(ii) 'n Lovibond-skyflesing van minder as vier na drie uur oplewer wanneer dit aan die resasurienreduksie toets wat in reël 4 van die Kode beskryf word, onderwerp word; of

(iii) meer as 50 000 bakterieë per milliliter bevat volgens die standaard—agarplaattelling wat in reël 9 van die Kode beskryf word; of

(b) gesertifiseerde melk of gesertifiseerde room of 'n gesertifiseerde melkproduk of 'n gesertifiseerde saamgestelde suiwelproduk verkoop of verskaf wat—

(i) *Escherichia coli*-bakterieë tipe 1 (fekale coli) in 1,0 milliliter vloeistof, of 1,0 gram halfvaste produk bevat, volgens die gewysigde Eijkman-toets wat in reël 5 van die Kode beskryf word; of

(ii) in die geval van gesertifiseerde melk of room meer as 10, en in die geval van gesertifiseerde melkprodukte of gesertifiseerde saamgestelde suiwelprodukte, meer as 100 coli-vormige bakterieë in 1,0 milliliter vloeistof of 1,0 gram halfvaste produk bevat, volgens die toets wat in reël 10 van die Kode beskryf word.

5. Deur die volgende as artikel 30 onder Deel VII in te voeg:

"Gesondheid van melkbeeste: Gesertifiseerde melk

30. (1) Geen inbringpermit of lisensie word toegestaan ten opsigte van persele waarop daar gesertifiseerde melk geproduseer word of gaan word nie, tensy 'n geregistreerde veearts alle melkbeeste wat op die perseel aangehou word, ondersoek het *en hy die erkende toetse wat vir tuberkulose, brusellose* (besmetlike misgeboorte by beeste) en mastitis voorgeskryf word, en die vir enige ander siekte wat hy onder die omstandighede nodig ag, uitgevoer het, en sodanige permit of lisensie word nie uitgereik of, as dit reeds uitgereik is, bly nie van krag nie, tensy al die bepalings van hierdie artikel en van artikel 29 (5) tot en met (9) nagekom is en voortdurend nagekom word.

(2) Before any animal is admitted to a herd from which certified milk is derived it shall, unless it has been certified by a veterinarian to be a non-reactor taken from another such herd, be examined by a registered veterinarian and be subjected to the test prescribed in subsection (1).

(3) In order to render the test prescribed by this section acceptable to the Council the veterinarian conducting them shall in particular—

(a) perform a tuberculin test on every bovine animal on the premises at least every 12 months;

(b) ensure, by means of the brucellosis blood-serum agglutination tests conducted in a laboratory approved by the medical officer of health, that every cow on the premises is free from brucellosis;

(c) ensure by physical examination of the quarters of the udder and by microscopical and bacteriological examination of the milk from individual quarters, or by any other tests required by the medical officer of health that every cow on the premises is free from mastitis; and

(d) furnish the medical officer of health with a certificate showing the identification number or marks of every diseased animal and the disease from which it is suffering.

(4) No animal showing a positive reaction to any test prescribed in terms of this section, or as to which, after examination, such veterinarian is not satisfied that it is a healthy animal, shall be allowed to remain in the herd.

(5) The tuberculin test referred to in subsection (3) (a) shall be made with the knowledge and consent in accordance with the requirements of the Division of Veterinary Services of the Department of Agricultural Technical Services.

(6) All dairy stock on the premises shall be examined by a veterinarian at least once in every three months and any cow showing signs of any disease which may effect its milk shall immediately be removed from the herd or segregated and shall not be reintroduced into the herd until certified by a veterinarian as being free form disease.

(7) Notwithstanding the provisions of subsection (6), a veterinarian may at such intervals and by such methods as he may deem necessary make such tests and examinations for disease, and any diseased animal or reactor shall be disposed of as he or the medical officer of health may direct.

(8) No milk derived from any cow which has reacted positively to the tuberculin test, has not been examined or tested at prescribed in this section or has not been subjected to a tuberculin test within the preceding 12 months shall be sold or otherwise disposed of but any such milk shall be destroyed forthwith.

(9) The introduction-permit holder or licensee shall bear all costs incurred in conducting the test and furnishing the documents prescribed by this section.

(10) A written record stating the reasons thereof and the nature of the action taken shall be kept of all dairy stock segregated or removed from the herd in terms of subsection (6). Such record shall be open to inspection by the medical officer of health at any time within the period of six months from the date thereof.

(11) Every dairy animal shall be marked with a number or other identification mark and a register reflecting such numbers of identification marks shall be kept and maintained up to date.".

6. By amending section 34 under Part IX —

(a) by the deletion in subsection (1) of the word "or" wherever it occurs between the words "pasteurized" and "sterilized" and by the insertion of the words "or certified" after the word "sterilized", wherever it occurs;

(b) by the deletion in subsection (2) of the word "or" between the words "pasteurized" and "sterilized" and by the insertion of the words "or certified" between the words "sterilized" and "milk";

(2) Voordat 'n dier opgeneem word tot 'n kudde waarvan gesertifiseerde melk verkry word, moet dit deur 'n veearts ondersoek en aan die toetse wat by subartikel (1) voorgeskryf word, onderwerp word, tensy 'n veearts gesertifiseer het dat die dier 'n nie-reageerder is uit 'n ander soortgelyke kudde.

(3) Ten einde die toetse wat by hierdie artikel voorgeskryf word, vir die Raad aanneemlik te maak, moet die veearts wat dit uitvoer veral—

(a) minstens iedere 12 maande elke bees op die perseel aan 'n tuberkulientoets onderwerp;

(b) deur middel van die brusellose-bloedserumverklompingstoetse, wat in 'n laboratorium wat die stadsgeneesheer goedgekeur het, uitgevoer moet word, seker maak dat geen koei op die perseel aan brusellose ly nie;

(c) deur middel van fisiese ondersoek van die kwarte van die uier en 'n mikroskopiese en bakteriologiese ondersoek van die melk uit die afsonderlike uierkwarte, of deur middel van enige ander toetse wat die stadsgeneesheer voorskryf, seker maak dat geen koei op die perseel aan mastitis ly nie;

(d) aan die stadsgeneesheer 'n sertifikaat besorg waarop die herkenningsnommer of -merke van iedere siek dier en die siekte waaraan die dier ly, aangegee word.

(4) Geen koei wat positief reageer op 'n toets wat by hierdie artikel voorgeskryf word, of wat na die mening van die veearts wat haar ondersoek het, nie gesond is nie, mag in die kudde gehou word nie.

(5) Die tuberkulientoets waarna daar in subartikel 3 (a) verwys word, moet uitgevoer word met die wete en toestemming en ooreenkomstig die voorskrifte van die Afdeling Veeartsenydiens van die Departement Landbou-Tegniese Dienste.

(6) Alle melkbeeste op die perseel moet minstens een keer elke drie maande deur 'n veearts ondersoek word, en 'n koei wat tekens toon van 'n siekte wat haar melk kan beïnvloed, moet onverwyld uit die kudde verwyder of afgesonder word, en mag die weer in die kudde opgeneem word nie voordat 'n veearts gesertifiseer het dat sy siektevry is.

(7) Ondanks die bepalings van subartikel (6) kan 'n veearts met die tussen pose en volgens die metodes wat hy nodig ag die diere met die oog op siekte toets en ondersoek en daar moet oor 'n siek dier of reageerder beskik word soos die veearts of die stadsgeneesheer bepaal.

(8) Geen melk wat verkry is van 'n koei wat positief gereageer het op die tuberkulientoets of wat nie ondersoek of getoets is soos dit by hierdie artikel voorgeskryf word nie, of wat nie gedurende die voorafgaande 12 maande aan 'n tuberkulientoets onderwerp is nie, mag verkoop of andersins van die hand gesit word nie, maar moet onverwyld vernietig word.

(9) Die houer van 'n inbringpermit of lisensie moet alle koste dra wat daaraan verbonde is om die toetse uit te voer en die dokumente wat by hierdie artikel voorgeskryf word, te verskaf.

(10) Daar moet 'n skriftelike opgawe gehou word van alle melkbeeste wat kragtens subartikel (6) afgesonder of uit die kudde verwyder word, en die redes waarom daar ten opsigte van die diere stappe gedoen is en die aard van die stappe, moet in die opgawe vermeld word. Sodanige opgawe moet ses maande lank vanaf die datum daarvan te eniger tyd vir die stadsgeneesheer ter insae wees.

(11) Iedere melkbees moet gemerk wees met 'n nommer of ander herkenningsmerk en daar moet 'n register gehou en gereeld bygewerk word waarin die nommers of herkenningsmerke aangeteken moet word.".

6. Deur artikel 34 onder Deel IX te wysig —

(a) deur in subartikel (1) die woorde "of gesertifiseerde" tussen die woorde "gesteriliseerde" en "melk" asook "gesteriliseer" en "is" in te voeg en die woord "of" waar dit tussen die woorde "gepasteuriseerde" en "gesertifiseerde" en tussen die woorde "gepasteuriseer" en "gesteriliseer" voorkom, te skrap en deur 'n komma te vervang;

(b) deur in subartikel (2) die woorde "of gesertifiseerde" tussen die woorde "gesteriliseerde" en "melk" asook "gesteriliseer" en "is" in te voeg en die woord "of" waar dit tussen die woorde "gepasteuriseerde" en "gesertifiseerde" en tussen die woorde "gepasteuriseer" en "gesteriliseer" voorkom, te skrap en deur 'n komma te vervang;

(c) by the deletion in subsection (3) of the word "or" between the words "pasteurized" and "sterilized" and by the insertion of the words "or certified" after the word "sterilized";

(d) by amending subsection (7) (a) by the deletion of the word "or" between the words "pasteurized" and "sterilized" in line one and the insertion of the words "or certified" between the words "sterilized" and "milk" and by the insertion of the words "or is in fact certified milk" between the words "subsection (6)" and "or".

(e) by the deletion in subsection (7) (b) of the word "or" between the words "pasteurized" and "sterilized" wherever they occur and by the insertion of the words "or certified" between the words "sterilized" and "milk" wherever they occur.

7. By the inserion of the following as Part XI:

"PART XI: CERTIFIED MILK

42. (1) (a) An introduction permit or licence issued in terms of section 3 in respect of premises at which certified milk, certified milk products or certified composite dairy products are produced shall be endorsed accordingly and no certified milk produced at premises more than 50 kilometres from the nearest point of the municipal boundary shall be introduced into such municipal area.

(b) No such permit holder or licensee shall introduce into or sell within the municipal area any certified milk, certified milk products or certified composite dairy products which were not produced on the premises to which his permit or licence relates.

(2) When the production of certified milk, certified milk products or certified composite dairy products is begun on premises in respect of which an introduction permit or licence already exists, the permit or licence holder shall forthwith submit the permit of licence to the medical officer of health for endorsement in terms of subsection (1).

(3) No milk, milk products or composite dairy products not certified shall be produced or handled at premises where certified milk is produced.

(4) No other animals of any kind shall be allowed in the same part or area of the premises as, or come into contact with, dairy stock from which certified milk is derived.

(5) No introduction permit or licence in terms of section 3 shall be granted or allowed to remain in force in respect of premises at which certified milk, certified milk products or certified composite dairy products are produced unless the following requirements are complied with in respect of such premises:

(a) No milk, milk product or composite dairy product shall be allowed to leave the premises for any reason unless it complies with the standard prescribed in these by-laws or any other law for certified milk, certified milk products or certified composite dairy products.

(b) The methods of and all arrangements connected with the handling, storage or distribution of certified milk, certified milk products or certified composite dairy products and the conditions relating to hygiene under which they are produced shall be approved.

(c) Certified milk, certified milk products and certified composite dairy products shall, immediately after completion of the milking and production processes, be cooled to a temperature not exceeding 5 °C and then immediately transferred to either overcapped bottles, heat-sealed cartons or packages or sealed bulk containers of approved type, and thereafter maintained at or below that temperature until they leave the producer's premises whereafter, and until their sale or delivery, they shall not be allowed to exceed a temperature of 7 °C.

(c) deur in subartikel (3) die woorde "of gesertifiseerde" tussen die woorde "gesteriliseerde" en "melk" in te voeg en die woorde "of" waar dit tussen die woorde "gepasteuriseerde" en "gesteriliseerde" voorkom, te skrap en deur 'n komma te vervang;

(d) deur in subartikel (7) (a) die woorde "of gesertifiseerde" tussen die woorde "gesteriliseerde" en "melk" in te voeg en die woord "of" waar dit tussen die woorde "gepasteuriseerde" en "gesteriliseerde" voorkom, te skrap en deur 'n komma te vervang en deur die woorde "of tensy dit inderdaad gesertifiseerde melk is;", tussen die woorde "word" en "of" in te voeg;

(e) deur in subartikel (7) (b) die woorde "of gesertifiseerde" tussen die woorde "gesteriliseerde" en "melkproduk" asook "gesteriliseerde" en "melk" in te voeg en die woord "of" waar dit tussen die woorde "gepasteuriseerde" en "gesteriliseerde" en ook al voorkom, te skrap en deur 'n komma te vervang.

7. Deur die volgende as Deel XI in te voeg:

"DEEL XI: GESERTIFISEERDE MELK

42. (1) (a) 'n Inbringpermit of lisensie wat kragtens artikel 3 uitgereik is ten opsigte van persele waar gesertifiseerde melk, gesertifiseerde melkprodukte of gesertifiseerde saamgestelde suiwelprodukte geproduseer word, moet 'n endossement te dien effekte ophê, en geen gesertifiseerde melk wat geproduseer is op persele wat verder as 50 kilometer van die naaste punt van die munisipale grens af is, mag in sodanige munisipale gebied ingebring word nie.

(b) So 'n permit- of lisensiehouer mag nie gesertifiseerde melk, gesertifiseerde melkprodukte of gesertifiseerde saamgestelde suiwelprodukte wat nie geproduseer is op die persele waarop sy permit of lisensie betrekking het nie in die munisipale gebied ingebring of verkoop nie.

(2) Wanneer daar begin word om gesertifiseerde melk, gesertifiseerde melkprodukte of gesertifiseerde saamgestelde suiwelprodukte te produseer op persele ten opsigte waarvan daar reeds 'n inbringpermit of lisensie uitgereik is, moet die permit- of lisensiehouer die permit of lisensie onverwyld aan die stadsgeneesheer stuur sodat dit ooreenkomstig subartikel (1) geëndosseer kan word.

(3) Geen melk, melkproduk of saamgestelde suiwelproduk wat nie gesertifiseer is nie, mag geproduseer of gehanteer word op persele waar gesertifiseerde melk geproduseer word nie.

(4) Geen ander dier van enige soort mag in dieselfde gedeelte of gebied van die perseel waar daar melkbeeste is wat gesertifiseerde melk produseer, toegelaat word of mag met sulke beeste in aanraking kom nie.

(5) Geen inbringpermit of lisensie kragtens artikel 3 word toegestaan of bly van krag ten opsigte van persele waar daar gesertifiseerde melk, gesertifiseerde melkprodukte of gesertifiseerde saamgestelde suiwelprodukte geproduseer word nie, tensy daar ten opsigte van sodanige persele aan onderstaande bepalings voldoen word:

(a) Geen melk, melkproduk of saamgestelde suiwelproduk mag die perseel om enige rede verlaat nie, tensy dit voldoen aan die standaard wat by hierdie verordeninge of enige ander wet vir gesertifiseeerde melk, gesertifiseerde melkprodukte of gesertifiseerde saamgestelde suiwelprodukte voorgeskryf word.

(b) Die metodes vir en al die reëlings in verband met die hantering, opberging of verspreiding van gesertifiseerde melk, gesertifiseerde melkprodukte of gesertifiseerde saamgestelde suiwelprodukte en vanuit 'n higiëniese oogpunt ook die toestande waaronder dit geproduseer word, moet goedgekeur word.

(c) Gesertifiseerde melk, gesertifiseerde melkprodukte en gesertifiseerde saamgestelde suiwelprodukte moet, sodra die melk- en produksieproses afgehandel is, tot hoogstens 5 °C afgekoel word en dan onmiddellik na of bottels wat met doppies toegemaak word of kartonhouers of pakkies wat met hitte verseël word of massahouers van 'n goedgekeurde tipe wat verseël moet word, oorgebring word, en die temperatuur of 'n laer temperatuur moet gehandhaaf word, totdat die melk of produkte die produsent se perseel verlaat en daarna mag die temperatuur daarvan totdat dit verkoop of afgelewer word, nie 7 °C oorskry nie.

(d) The transfer of certified milk into over-capped bottles or heat-sealed cartons or packages shall be effected by means of an approved bottling or carton-filling and sealing machine, as the case may be, and shall be over-capped or sealed mechanically in accordance with the provisions of section 38 (5).

(e) Containers other than bottles and cartons in which certified milk, certified milk products or certified composite dairy products are placed shall be fitted with a tightly-fitting cover and shall be kept closed and be effectively sealed and embossed or labelled.

(f) All containers in which certified milk, certified milk products or certified composite dairy products are sold or supplied shall be clearly marked with the name and address of the producer.

(g) Save that certified milk delivered in a sealed bulk container to a distributor handling only certified milk may be sold or supplied from bulk container or in bottles or single-service containers filled from such bulk container in accordance with the method described in section 38 (5), no certified milk, certified milk products or certified composite dairy products shall be sold or supplied otherwise than in the container in which they are placed as required in terms of paragraph (c).

(h) Certified milk shall not be handled on any premises on which milk not so certified is handled: Provided than once it has been placed in over-capped bottles or heat-sealed containers as the case may be, and delivered to a milk shop or the premises of a milk purveyor, certified milk may be kept with milk not so certified.

(i) Certified milk, certified milk products or certified composite dairy products may not be sold, offered for sale or otherwise disposed of as such if it has been treated by heat or in any other manner likely to affect its nature and quality.

(j) Save in the case of a club, boarding-house, hotel, restaurant, eating-house, tea-room, coffee-room or other similar undertaking serving meals or other refreshments for consumption on the premises in the ordinary course of business, every person who, in the course of trade acquires, handles or disposes of certified milk, certified milk products or certified composite dairy products whether by way of sale or otherwise, shall keep an accurate written record showing the quantities thereof acquired or disposed of by him and the names and addresses of persons from whom it was acquired.

(k) Every producer of certified milk, certified milk products or certified composite dairy products shall keep an accurate written record showing the quantities thereof produced, sold or otherwise disposed of and the names and addresses of persons to whom it was so sold or disposed of.

(l) All records required to be kept in terms of this section shall be kept up to date and shall be clearly legible, maintained in good and clean condition and kept available for inspection by the medical officer of health for a period of at least six months.

(m) The provisions of section 38 (4), (6) to (9) inclusive and (11) shall apply to the handling of certified milk, certified milk products and certified composite dairy products.".

8. By amending the Code for the Testing of Milk, Milk Products, Composite Dairy Products and Fruit Juices as follows:

(a) by the insertion in rule 2 (9) (b) of the words "and certified" between the words "pasteurized" and "milk";

(b) by the insertion in the heading of rule 3 of the words "and certified" between the words "raw" and "milk";

(c) by the insertion in the heading of rule 4 of the words "and certified" between the words "raw" and "milk";

(d) by the insertion in rule 4 (1) of the words "and certified" between the words "raw" and "milk";

(d) Die oorbring van gesertifiseerde melk na bottels wat met doppies toegemaak, of karton- of ander houers wat met hitte verseël word, moet geskied deur middel van 'n goedgekeurde masjien waarmee bottels of kartonhouers gevul en verseël of toegemaak word, na gelang van die geval, en die toemaak van bottels met doppies of die verseëling van karton- of ander houers moet meganies geskied ooreenkomstig die bepalings van artikel 38 (5).

(e) Houers, uitgesonderd bottels en kartonhouers waarin gesertifiseerde melk, gesertifiseerde melkprodukte of gesertifiseerde saamgestelde suiwelprodukte geplaas word, moet deksels ophê wat dig pas, en moet toegehou word en doeltreffend verseël wees en die vereiste besonderhede moet in reliëf daarop gedruk of op 'n etiket daarop aangebring word.

(f) Die naam en adres van die produsent moet duidelik op alle houers waarin gesertifiseerde melk, gesertifiseerde melkprodukte of gesertifiseerde saamgestelde suiwelprodukte verkoop of verskaf word, aangebring word.

(g) Behalwe dat gesertifiseerde melk wat in 'n verseëlde massahouer gelewer word aan 'n verspreider wat net gesertifiseerde melk hanteer, of uit die massahouer of in bottels, of in houers vir eenmalige gebruik wat ooreenkomstig artikel 38 (5) uit die massahouer gevul word, verkoop of verskaf kan word, mag gesertifiseerde melk, gesertifiseerde melkprodukte en gesertifiseerde saamgestelde suiwelprodukte slegs in die houer waarin dit ooreenkomstig die bepalings van paragraaf (c) geplaas is, verkoop of gelewer word.

(h) Gesertifiseerde melk mag nie gehanteer word nie op 'n perseel waar melk wat nie gesertifiseer is nie, gehanteer word: Met dien verstande dat as gesertifiseerde melk reeds in bottels is wat met doppies toegemaak, of in houers wat met hitte verseël is, na gelang van die geval, en aan 'n melkwinkel of op die perseel van 'n melkleweransier afgelewer is, dit saam met melk wat nie aldus gesertifiseer is nie, gehou kan word.

(i) Gesertifiseerde melk, gesertifiseerde melkprodukte of gesertifiseerde saamgestelde suiwelprodukte mag nie as sodanig verkoop, te koop aangebied of andersins van die hand gesit word indien dit met hitte of op enige ander wyse wat die aard of gehalte daarvan kan raak, behandel is nie.

(j) Behalwe in die geval van 'n klub, losieshuis, hotel, restaurant, eethuis, kafee, koffiekamer of 'n ander dergelike onderneming wat in die gewone loop van sake etes of ander verversings vir verbruik op die perseel bedien, moet iedereen wat in die loop van sy handel gesertifiseerde melk, gesertifiseerde melkprodukte of gesertifiseerde saamgestelde suiwelprodukte verkry, hanteer of daaroor beskik deur dit te verkoop of andersins, 'n juiste skriftelike opgawe hou van die hoeveelheid daarvan wat hy verkry of van die hand gesit het, en die name en adresse van die persone van wie hy dit verkry het.

(k) Iedere produsent van gesertifiseerde melk, gesertifiseerde melkprodukte of gesertifiseerde saamgestelde suiwelprodukte moet 'n juiste skriftelike opgawe hou van die hoeveelhede daarvan wat hy geproduseer, verkoop of andersins van die hand gesit het, en die name en adresse van die persone aan wie dit verkoop of van die hand gesit is.

(l) Alle opgawes wat kragtens hierdie artikels gehou moet word, moet gereeld bygewerk word, moet duidelik leesbaar, skoon en netjies wees en moet minstens ses maande lank vir die stadsgeneesheer ter insae beskikbaar wees.

(m) Die bepalings van artikel 38 (4), (6) tot en met (9) en (11) is van toepassing op die hantering van gesertifiseerde melk, gesertifiseerde melkprodukte en gesertifiseerde saamgestelde suiwelprodukte.".

8. Deur die Gebruikskode vir die Toets van Melk, Melkprodukte, Saamgestelde Suiwelprodukte van Vrugtesappe soos volg te wysig:

(a) deur in reël 2 (9) (b) die woorde "en gesertifiseerde" tussen die woorde "gepasteuriseerde" en "melk" in te voeg;

(b) deur in die opskrif in reël 3 die woorde "en gesertifiseerde" tussen die woorde "rou" en "melk" in te voeg;

(c) deur in die opskrif van reël 4 die woorde "en gesertifiseerde" tussen die woorde "rou" en "melk" in te voeg;

(d) deur in reël 4 (1) die woorde "en gesertifiseerde melk" tussen die woorde "melk" en "word" in te voeg;

(e) by the insertion in rule 5 (1) of the expression "certified milk, certified cream, certified milk products and certified composite dairy products" between the words "milk" and "pasteurized milk";

(f) by the insertion in rule 5 (3) of the expression "certified milk products and certified composite dairy products", between the words "milk" and "pasteurized cream";

(g) by the insertion in the heading of rule 9 of the word "certified" before the word "milk" and the word "certified cream" between the words "milk" and "fruit juices"; and

(h) by the insertion in rule 10 (1) of the expression "certified milk, certified cream, certified milk products, certified composite dairy products", between the words "testing of" and "pasteurized milk".

C. J. DE BEER, Pr TC,

CHIEF EXECUTIVE/TOWN CLERK.

Muncipal Office Building, Halite Street, P.O. Box 3, Carletonville, 2500.

15 April 1993.

(Notice No. 15/1993)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1467

TOWN COUNCIL OF EDENVALE

BUILDING BY-LAWS

The Chief Executive/Town Clerk hereby publishes in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, the Building By-laws set forth hereinafter, which were adopted by the Council in terms of section 96*bis* (2) of the aforementioned Ordinance.

CHAPTER I

GENERAL PROVISIONS

Definitions

1. In these by-laws, unless the contest otherwise indicates—

"Areas", as applied to a building, means the superficies of a horizontal section thereof, made at the place of its greatest surface, inclusive of the external walls, and such portions of the party walls as belong to the building;

"balcony" means any erection similar to a verandah in front of any storey at a higher level, whether roofed or not;

"basement storey" or **"cellar"** means any storey of a building which is under the ground.

"Council" means the Town Council of Edenvale and includes the Management Committee of such council or any officer in the service of such council, acting by virtue of any power vested in such council in connection with these by-laws and delegated to him in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Election) Ordinance, 1960;

"curtilage" means the whole of the area of the ground within the boundaries of the stand forming the site of any building or proposed building;

"engineer" and **"Council's engineer"** means the person from time to time holding the said appointment or acting in the said capacity in connection with the municipality;

"external wall" means the outer wall or vertical enclosure of any building, not being a party wall, even though adjoining a wall of another building;

"first storey" means the storey immediately above the ground storey;

"habitable room" or **"habitable"** as applied to a room, means a room used or designed, constructed, adapted or intended to be used for human occupation, and includes a living room, or workroom and shops, workshop and offices, but does not include a bathroom or compartments in a building of the factory class;

"New building"—

(a) any building or any structural alterations or additions to any existing building erected after the date of the publication of these by-laws;

(b) any building which has been taken down, burnt or destroyed for more than half its cubic content and re-erected or where commencement with the re-election thereof has been made after such date;

(e) deur in reël 5 (1) die woorde "gesertifiseerde melk, gesertifiseerde room, gesertifiseerde melkprodukte en gesertifiseerde saamgestelde suiwelprodukte", tussen die woorde "rou melk" en "gepasteuriseerde melk" in te voeg;

(f) deur in reël 5 (3) die woorde "gesertifiseerde melk, gesertifiseerde room, gesertifiseerde melkprodukte en gesertifiseerde saamgestelde suiwelprodukte" tussen die woorde "suiwelprodukte" en "en kontakvlakdepmonsters" in te voeg;

(g) deur in die opskrif van reël 9 die woorde "gesertifiseerde melk, gesertifiseerde room" voor die woord "vrugtesappe" in te voeg; en

(h) deur in reël 10 (1) die woorde "gesertifiseerde melk, gesertifiseerde room, gesertifiseerde melkprodukte en gesertifiseerde saamgestelde suiwelprodukte", tussen die woorde "bakterieë vir" en "gepasteuriseerde melk" in te voeg.

C. J. DE BEER, Pr SK,

UITVOERENDE HOOF/STADSKLERK.

Munisipale Kantoorgebou, Halitestraat, Posbus 3, Carletonville, 2500.

15 April 1993.

(Kennisgewing No. 15/1993)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1467

STADSRAAD VAN EDENVALE

BOUVERORDENINGE

Die Uitvoerende Hoof/Stadsklerk publiseer ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die Bouverordeninge hierna wat deur die Raad ingevolge artikel 96*bis* (2) van die voormelde Ordonnansie aanvaar is.

HOOFSTUK I

ALGEMENE BEPALINGS

Woordomskrywings

1. In hierdie verordeninge, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"afskorting", enige vertikale binnemuur wat slegs met die doel gebruik word om enige verdieping van 'n gebou in afdelings te onderverdeel, en wat geen las behalwe sy eie massa steun nie;

"balkon" enige oprigting soortgelyk aan 'n veranda voor enige verdieping op 'n hoër vlak, hetsy onder dak al dan nie;

"bewoonbare vertrek" of 'n vertrek waarop die woord **"bewoonbaar"** betrekking het, 'n vertrek wat gebruik word of ontwerp, gebou, ingerig of bedoel is om deur mense bewoon te word, met inbegrip van 'n woonkamer of werkkamer en winkels, en werkswinkels en kantore, maar sluit nie 'n badkamer of afskortingsvertrekke in 'n gebou van die fabrieksklas in nie;

"breedte" soos op 'n straat van toepassing, die afmeting reghoekig met en tussen die grenslyne van die persele wat aan sodanige straat grens asook aan teenoorgestelde kante daarvan;

"buitemuur" die buitekantste muur of muur wat enige gebou vertikaal omsluit behalwe 'n gemeenskaplike muur, selfs wanneer dit aan 'n muur van 'n ander gebou grens;

"eerste verdieping" die verdieping onmiddellik bokant die grondverdieping;

"ingenieur" en **"Raadse ingenieur"** die persoon wat van tyd tot tyd genoemde betrekking beklee of wat in genoemde hoedanigheid vir die munisipaliteit optree;

"kelderverdieping" of **"kelder"** enige verdieping van 'n gebou wat onderkant die grondverdieping geleë is;

"nuwe gebou" —

(a) enige gebou of enige struktuurveranderings van of aanbouing aan enige bestaande gebou wat na die datum van publikasie van hierdie verordeninge opgerig is;

(b) enige gebou wat tot op meer as die helfte van sy kubieke inhoud gesloop, afgebrand of vernietig is en wat na sodanige datum weer opgerig is of waar daar met die oprigting daarvan 'n begin gemaak is;

(c) any building of which the cubic content has been increased, after such date, by an amount equal to the cubic content of the building as existing before such increase;

(d) any building to which an upper storey has been added;

(e) any building which is structurally converted to any purpose different from that for which it was originally intended;

"partition" means an internal vertical structure which is employed solely for the purpose of subdividing any storey of a building into sections, and which supports no load other than its own mass;

"public building" means a building used or constructed, adapted, suitable for or intended to be used, either ordinarily or occasionally and wholly or in part as a public place of congregation or assembly, for persons admitted thereto by ticket or otherwise, whether a charge is made for such ticket or not. "Halls" incorporated in and forming part of an hotel and club, shall not be classed as "public buildings", provided they are not used for the purpose stated in paragraphs (a) and (b). Public buildings include—

(a) a theatre, including an opera house, playhouse or any building used or designed to be used for the entertainment of spectators, and having a stage on which scenery and theatrical apparatus are used, as well as a proscenium and a fire curtain as required and described in these by-laws. A theatre may be used for all purposes to which a public building may be put;

(b) a cinematograph hall which may be used for all purposes to which a public building may be put except as mentioned in paragraph (a), unless suitably designed and constructed as such, as required and described in these by-laws;

(c) a concert room, ballroom, lecture hall, exhibition room church, chapel or other place of public worship, which may be used for all purposes to which a public building may be put, except as mentioned in paragraphs (a) and (b), unless suitably designed and constructed as such, as required and described in these by-laws;

(d) halls incorporated in a hospital, college or school which may be used for any purpose in terms of paragraphs (a), (b) and (c);

(e) a tent, shooting gallery, circus and a stand or enclosure for public assembly, all of which may only be used for the specific purpose stated;

"street" includes any street, square, road, land, subway, avenue, bridge, throughfare or public passage.

"verandah" means a roofed erection with sides and front entirely open except where supported in front of the ground storey of a building and over the street footpath.

"width", as applied to a street, means the measurement at right angles to and between the boundaries of the stand abutting on such street and on opposite sides thereof.

Street projections

2. (1) Any person wishing to erect or construct signs, sunblinds, verandahs, bay windows, pavement lights or any other fixture or encroachment on, under or over any public street, shall make application to the engineer on forms supplied by the Council. Such application shall be accompanied by drawings to a scale of 1:20 which, together with the application forms, shall by signed by the person for whom such fixture or encroachment is to be constructed, erected or fixed, and in addition, where required, by the owner or the building affected.

(c) enige gebou waarvan die kubieke inhoud na sodanige datum vergroot is in 'n mate gelyk aan die kubieke inhoud van die gebou soos dit voor sodanige vergroting bestaan het;

(d) enige gebou waarop 'n boonste verdieping aangebou is;

(e) enige gebou wat in struktuur verander is, tot enige ander doel as waarvoor dit oorspronklik boedoel was;

"openbare gebou" 'n gebou wat gebruik word of wat gebou, ingerig, geskik of bedoel is om gebruik te word, hetsy gewoonlik of af en toe, en geheel en al of gedeeltelik as 'n openbare plek van samekoms of byeenkoms vir persone wat per kaartjie of andersins toegang daartoe verkry, afgesien daarvan of daar vir sodanige kaartjie betaling gevra word al dan nie.

"sale" wat ingelyf is by en wat deel uitmaak van 'n hotel of 'n klub, word nie onder "openbare geboue" geklassifiseer nie, mits hulle nie gebruik word vir die doel soos in paragrawe (a) en (b) hieronder vermeld nie. Openbare geboue omvat—

(a) 'n teater, met inbegrip van 'n operagebou, skouburg of enige gebou wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word vir die vermaak van toeskouers, en wat 'n verhoog het waarop toneeldekor en toneelapparaat gebruik word, asook 'n proscenium en 'n brandskerm soos in hierdie verordeninge vereis en beskryf. 'n Teater kan vir alle doeleindes waarvoor 'n openbare gebou aangewend kan word, gebruik word;

(b) 'n kinematograafsaal wat gebruik kan word vir alle doeleindes waarvoor 'n openbare gebou aangewend kan word, behalwe soos in paragraaf (a) vermeld, tensy dit as sodanig behoorlik ontwerp en gebou is soos in hierdie verordeninge vereis en beskryf;

(c) 'n konsertsaal, danssaal, lesingsaal, vertoonkamer, kerk, kapel of ander plek van openbare erediens, wat gebruik kan word vir alle doeleindes waarvoor 'n openbare gebou aangewend kan word, soos in paragrawe (a) en (b) vermeld, tensy dit as sodanig behoorlik ontwerp en gebou is, soos in hierdie verordeninge vereis en beskryf;

(d) sale wat deel van 'n hospitaal, kollege of skool uitmaak en wat vir enige doel ingevolge paragrawe (a), (b) en (c) gebruik kan word;

(e) 'n tent, skiettent, sirkus en 'n standplaas of omheinde plek vir die spesifieke doel soos vermeld, gebruik word;

"oppervlakte" soos op 'n gebou van toepassing, die bovlak van 'n horisontale deursnee daarvan, en wat by die vlak van sy grootste oppervlak gemaak is, met inbegrip van die buitemure en sodanige gedeeltes van die gemeenskaplike mure as wat deel van die gebou uitmaak;

"raad", die stadsraad van Edenvale en omvat die Bestuurskomittee van sodanige raad, of enige beampte in diens van sodanige raad, wat handel uit hoofde van enige bevoegdheid wat in verband met hierdie verordeninge by sodanige raad berus en wat ingevolge artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960, aan hom gedelegeer is.

"straat" enige straat, plein, pad, steeg, duikweg, laan, brug, verkeersweg of publieke deurgang.

"veranda" 'n oprigting onder dak met sykante en die voorkant geheel en al oop, behalwe waar dit voor die grondverdieping van 'n gebou en oor die straatsypaadjie gesteun word.

"werf" die hele oppervlakte van die grond binne die grense van die perseel wat die terrein van enige gebou of voorgestelde gebou uitmaak.

Straatuitstekke

2. (1) Enigiemand wat uithangborde, sonblindings, verandas, erkers, sypaadjieligte of enige ander vaste toebehore of oorskryding op, onder of oor enige openbare straat wil oprig of bou, moet by die ingenieur aansoek doen op vorms wat deur die Raad verskaf word. Sodanige aansoek moet vergesel wees van tekeninge volgens 'n skaal van 1:20, wat tesame met die aansoekvorms deur die persoon vir wie sodanige vaste toebehore of oorskryding gebou, opgerig of bevestig moet word, onderteken moet word en moet voorts, waar dit vereis word, ook deur die eienaar van die betrokke gebou onderteken word.

(2) (a) Any person erecting, constructing or possessing any fixtures or encroachments on, under or over any street, shall be a tenant at will of the Council in respect thereof, and on receiving notice from the Council under the hand of the engineer to remove any such fixtures or encroachments, shall do so within the period fixed in such notice, without the payment by the Council of any compensation whatsoever.

(b) In the event of non-compliance with such notice, or where such encroachments do not comply with the by-laws, or are deemed by the Council to be dangerous, the Council may itself remove any such fixtures or encroachments and the costs of such removal shall be recoverable in the ordinary process of law from the person to whom such fixtures or encroachments belong or from the owner of the building in connection with which they are used or to which they are attached.

(3) (a) The owner of the building in connection, with which any fixture, projection or encroachment exists, or is proposed, shall—

(i) defray any cost which may be incurred in connection with wires or any other property of the Government or of the Council;

